

Lewensversekering
Beleggings
Korttermynversekering



Life Assurance
Investments
Short Term Insurance



Insurance brokers FSPnr: 13474
BK/CC 86-021048-23

Theostraat/Street 145
Wierdapark
Centurion
✉ 51123 Wierdapark 0149
www.investment-advise.co.za

April 2023 Maandelikse Markopsomming

Globale mark en ekonomiese opdatering

Ten spyte van verskeie mark bewegende gebeure soos 'n moontlike krisis in die bank sektor, maatskappye se verdienste vrystellings, hardnekkige hoë inflasie en swak ekonomiese data, het die meeste wêreldmarkte in April hoër beweeg. Uiteenlopende sienings het hierdie maand voortgeduur oor die toekomstige optrede van die sentrale bank, met sommige mark ontleders wat 'n moontlike verlaging in rentekoerse teen die einde van die jaar verwag, gegewe die moeilike ekonomiese agtergrond en die onlangse bank sektor stres. Aan die ander kant sien sommige ontleders steeds dat koerse hoër kan beweeg om hoë inflasie te bekamp. Ten spyte van die heersende onsekerheid, het die meeste markte in April hoër beweeg en ordentlike winste behaal, aangesien verdienste-verslae van die groot tegnologie maatskappye positiewe sentiment aangemoedig het. Soos ons in Mei inbeweeg, sal alle oë op die monetêre owerhede se beleidsoptredes wees, gegewe die swakker ekonomiese agtergrond, in hul poging om inflasie in toom te hou, terwyl die gevolge van die onlangse bank sektor stres noukeurig gemonitor word.

Ekonomiese groei kon nie in die meeste wêreld ekonomieë in die eerste kwartaal van 2023 traksie kry nie.

Die **Britse ekonomie** het in Februarie tot stilstand gekom en met **0,5% gegroei** (op 'n jaar grondslag tot einde Februarie), effens bo voorspellings van 'n styging van 0,3%. Die Britse ekonomie het herstel tot 0.3% hoër as sy vlakke voor-die korona virus pandemie.

Die **Chinese ekonomie** het **4,5% gegroei** (jaar-tot-jaar in die eerste kwartaal van 2023), bo mark verwagting van 4%. Dit was die sterkste tempo van groei sedert die eerste kwartaal van 2022, te midde pogings van Beijing om 'n post-pandemiese herstel aan te spoor.

Die **Amerikaanse ekonomie** het met **1,1% gegroei** (jaar-tot-jaar in die eerste kwartaal van 2023), wat verlangsamen het vanaf 'n groei van 2,6% in die vorige kwartaal en die mark se verwagting van 2%. Dit was die swakste tempo van groei sedert kwartaal 2 van 2022, aangesien besigheids beleggingsgroei verlangsamen het, voorraad gedaal het en stygende rentekoerse steeds die huismark beïnvloed het.

Die ekonomie van die **Eurozone** het met **1,3% gegroei** (op 'n jaargrondslag tot die einde van die eerste kwartaal van 2023), minder as mark verwagtinge van 1,4%, en onder die 1,8%-groei wat in die vierde kwartaal van 2022 behaal is.

Inflasie-syfers het laer as verwagting in die meeste ontwikkelde markte ingekom, maar bly hoog en bo sentrale banke se teikens, wat ruimte bied vir **verdere rentekoers verhogings**.

China se jaarlikse inflasiekoers het tot 0,7% gedaal (jaar-tot-jaar tot einde Maart 2023), onder mark konsensus van 1,0%. Dit was die laagste syfer sedert September 2021.



Besturende Lid/Managing Member: F.C. Nel National Certificate: Financial Markets & Instruments-Wealth Management Specialization

A.L. de Kock B Com (Rek) UP

Frik Nel
082 890 1950
frik@codweb.co.za

Alex de Kock
082 440 4508
Lbk@codweb.co.za

Lewensversekering
Beleggings
Korttermynversekering



Life Assurance
Investments
Short Term Insurance



Insurance brokers FSPnr: 13474
BK/CC 86-021048-23

Theostraat/Street 145
Wierdapark
Centurion
✉ 51123 Wierdapark 0149
www.investment-advise.co.za

Die jaarlikse inflasiekoers in die **VSA het vir 'n negende agtereenvolgende maand gedaal** tot 5% (jaar-op-jaar tot einde Maart 2023), die laagste lesing sedert Mei van 2021 en onder markvoorspellings van 5,2%.

Die **inflasiekoers in die VK het ook afgeneem** tot 10,1% (jaar-tot-jaar tot Maart 2023), af van 10,4% in Februarie, maar hoër as mark verwagtinge van 9,8%. Die **inflasiekoers het vir 'n sewende agtereenvolgende maand bo die 10%-kerf gebly** en het ook vir byna twee jaar bo die Bank van Engeland se 2%-teiken gebly, wat daarop dui dat beleidmakers dalk sal voortgaan om leenkoste te verhoog.

Die jaarlikse **inflasiekoers in die Eurozone het laer beweeg na 6,9%** (jaar-tot-jaar tot Maart 2023), vir 'n vyfde opeenvolgende maand vanaf verlede Oktober se rekord hoogtepunt van 10,6% en sy laagste vlak sedert Februarie 2022. Kern inflasie in die Eurozone het 'n **nuwe rekord hoogtepunt van 5.7%** behaal (jaar-tot-jaar tot einde Maart 2023), wat druk op beleidmakers geplaas het om **voort te gaan met verdere rentekoersverhogings**.

Wat werkloosheid aan betref, bly ontwikkelde arbeidsmarkte steeds robuust, wat meer ruimte bied vir sentrale banke om **koerse nog hoër te skuif om inflasie te bekamp**. Die werkloosheidsyfer in die Verenigde State het laer beweeg tot 3,5% (jaar-tot-jaar tot einde Maart 2023), onder verwagting van 3,6%.

China se werkloosheidskoers het gedaal tot 'n sewe-maande-laagtepunt van 5.3% (jaar-tot-jaar tot einde Maart 2023), vanaf Februarie se drie-maande-hoogtepunt van 5.6%.

Die werkloosheidskoers in die VK het tot 3,8% gestyg (jaar-tot-jaar tot die einde van die eerste kwartaal 2023), die hoogste vlak sedert die tweede kwartaal van 2022 en effens hoër as die mark konsensus van 3,7%.

Suid-Afrikaanse mark opdatering:

Suid-Afrikaanse bateklasse het hierdie maand uiteenlopende opbrengste gelewer. Plaaslike aandele het die maand hoër geëindig, aangedryf deur 'n sterk opbrengs van die hulpbron sektor, terwyl plaaslike effekte negatiewe opbrengste opgelewer het as gevolg van hoë inflasie en swak ekonomiese groei, wat die fiskale vooruitsigte beïnvloed het.

Suid-Afrikaanse aandele het die maand hoër afgesluit, aangesien alle sektore sterk opbrengste gelewer het. Hulpbronne het hierdie maand hoër beweeg, aangesien die pryse vir die kommoditeits kompleks (hoofsaaklik goud, platinum en palladium) hoër beweeg het. **Gold Fields (+19.9%), Harmony Gold (+16.9%) en Northam Platinum (+23.7%)** was almal begunstigdes van die verhoogde goud- en platinum prys in April.

Nywerhede het in April 'n **sterk opbrengs gelewer** en is steeds die beste presterende sektor oor 'n eenjaar grondslag, grootliks gedryf deur die opbrengste van indeks swaargewigte, Richemont, Naspers en Prosus.

Finansiële dienste het hierdie maand **sterk opbrengste gelewer**, aangesien die finansiële sektor teruggekeer het van die swak opbrengste wat in Maart aangeteken is.



Besturende Lid/Managing Member: F.C. Nel National Certificate: Financial Markets & Instruments-Wealth Management Specialization

A.L. de Kock B Com (Rek) UP

Frik Nel
082 890 1950
frik@cdweb.co.za

Alex de Kock
082 440 4508
Lbk@cdweb.co.za

Lewensversekering
Beleggings
Korttermynversekering



Life Assurance
Investments
Short Term Insurance



Versekeringsmakelaars

Insurance brokers FSPnr: 13474
BK/CC 86-021048-23

Theostraat/Street 145
Wierdapark
Centurion
✉ 51123 Wierdapark 0149
www.investment-advise.co.za

Plaaslike effekte het die maand laer geëindig, wat hul swakste opbrengs sedert September verlede jaar opgelewer het, aangesien opbrengste aan die kortkant van die kurwe meer gestyg het as langer gedateerde termyne (gewoonlik bekend as 'n beer-afplatting van die opbrengs kurwe), wat effekte pryse laer gelei het. Die negatiewe skuif was grootliks op die rug van verhoogde inflasie, wat steeds hoog is, en wat lei tot die verwagting dat koerse sal aanhou styg om inflasie onder beheer te bring.

Plaaslike eiendom het die maand hoër afgesluit en sommige van die verliese verhaal wat in die eerste kwartaal van 2023 geproduseer is. Europa-gefokusde eweknieë het hierdie maand beter gevaar en sterk opbrengste gelever. Die sektor is nou plat op 'n jaar-tot-datum basis.

Suid-Afrikaanse ekonomiese opdatering

Suid-Afrika se kleinhandel sektor het met 0,5% gedaal (op 'n jaar grondslag tot einde Februarie 2023), laer as die verwagte mark skattings van 0,3%. Dit was die derde agtereenvolgende maand van afname in die kleinhandel aktiwiteite, dit volg op die rug van aanhoudende negatiewe nuus vir die SA verbruiker weens voortdurende beurtkrag en verhoogde lewenskoste vir die verbruikers. Die grootste negatiewe bydraers het gekom van algemene handelaars en kleinhandelaars in hardeware, verf en glas.

Suid-Afrika ly steeds onder hoër as verwagte inflasie wat deur beurtkrag en die swak rand gedryf word. Suid-Afrika se jaarlikse inflasiekoers het vir die tweede opeenvolgende maande tot 7,1% (jaar-tot-jaar tot einde Maart 2023) gestyg van 7% in die vorige maand, bo mark verwagtinge van 6,9% en steeds bo die boonste perk van die SARB se teikenband van 3%-6%. Voedsel en nie-alkoholiese drankies, vervoer, diverse goedere en dienste, asook behuising en nutsdienste was die hoof drywers van algehele inflasie. Die jaarlikse kern inflasie, wat pryse van voedsel, brandstof en energie uitsluit, het in Maart op 'n sesjaar hoogtepunt van 5,2% gestaan, onveranderd vanaf Februarie en hoër as mark skattings van 5,1%.

Die Suid-Afrikaanse Kamer van Koophandel en Nywerheid (SACCI) se sakevertrouens indeks het in Maart 2023 tot 'n vier maande laagtepunt van 111,3 gedaal, vanaf 111,9 in Februarie, gedryf deur aanhoudende kragonderbrekings, stygende rentekoerse en laer aandeelpyryse wat sentiment gedemp het.

Lewensversekering
Beleggings
Korttermynversekering



Life Assurance
Investments
Short Term Insurance



Insurance brokers FSPnr: 13474
BK/CC 86-021048-23

Theostraat/Street 145
Wierdapark
Centurion
✉ 51123 Wierdapark 0149
www.investment-advise.co.za

Sien hieronder vir 'n opsomming van die belangrikste mark bewegings vir die maand:

- Die **JSE Indeks van Alle Aandele (+3.4%)** het April hoër geëindig, aangedryf deur 'n sterk prestasie in die Hulpbron sektor.
- Die **sterk prestasie** van Suid-Afrikaanse aandele was breed gegrond oor die verskillende plaaslike aandele sektore gedurende die maand, met **Finansiële (+3.0%)**, **Nywerhede (+3.1%)** en **Hulpbronne (+4.0%)** wat almal hoër beweeg het.
- **Genoteerde eiendom (+5.4%)** het die maand hoër geëindig, aangesien die eiendom sektor herstel het ná 'n swak prestasie in die eerste kwartaal. Europa-gefokusde eweknieë het hierdie maand beter gevaar, met **Nepi Rockcastle (+7.0%)**, **MAS (+10.8%)** en **Sirius (+9.8%)** wat robuuste opbrengste gelever het. Indeks swaargewigte het goed gevaar en sterk opbrengste in April behaal, aangesien **Growthpoint (+2.4%)** en **Redefine (+6.6%)** hierdie maand hoër beweeg het.
- **Plaaslike effekte (-1.1%)** het die maand laer geëindig, aangesien die opbrengs kurwe afgeplat het. Opbrengste het hoër beweeg (pryse laer beweeg) aan die voorkant van die kurwe, in afwagting van 'n styging in rentekoerse.
- **Kontant** het in April 'n positiewe opbrengs van **+0.6%** gelever, en die verwagte opbrengs gaan voort om op te beweeg op die verwagting van hoër rentekoerse.
- Die meeste van die groot **ontwikkelde aandelemarkte het die maand hoër geëindig**, wat sterk stygings in April opgelever het. Die **MSCI Wêreldindeks** het in April 'n opbrengs van **+1.8%** gelever, wat voor sy eweknieë in opkomende markte was.
- Meeste **ontluikende aandelemarkte het laer beweeg** gedurende die maand. Die **MSCI Emerging Markets Index** het die maand **-1.1%** laer in April afgesluit.
- Die meeste **groot globale aandelemarkte** het in April **positiewe opbrengste gelever**. **Japan se Nikkei 225 (+0.6%)**, **Duitsland se FSE DAX (+3.5%)** en **China se Shanghai SE Composite (+0.7%)** het die maand in positiewe gebied afgesluit. Die **VK se FTSE 100 (+5.1%)** het hierdie maand sterk stygings behaal, wat teruggekeer het van die negatiewe prestasie wat in Maart aangeteken is.
- **Amerikaanse aandele** het die maand hoër geëindig. Die tegnologie-beurs **NASDAQ 100 (+0.5%)** het die maand hoër geëindig, maar die positiewe skuif het die wisselvallige aard van die indeks gedurende die maand verberg. Die indeks was meestal negatief vir die grootste deel van April, maar beter as verwagte verdienste van groot tegnologie maatskappye het die indeks in die laaste deel van die maand hoër gedruk. Die **S&P 500 (+1.6%)** het die maand hoër geëindig, met 'n ordentlike opbrengs.
- Wat die belangrikste **kommoditeite betref**, het **Goud (+0.1%)** en **Platinum (+9.5%)** die maand hoër afgesluit, terwyl **Olie (-0.3%)** die maand laer geëindig het.
- Die **rand** het hierdie maand teen die meeste van die groot **geld eenhede verswak**. Die geldeenheid het veld verloor teenoor die **Amerikaanse Dollar (-3.1%)**, die **Euro (-4.7%)** en die **Britse Pond (-4.8%)** gedurende die maand.

**Alle data is verkry vanaf Morningstar Direct soos op 2023/04/30. Die prestasie van Suid-Afrikaanse bateklasse word in rand gekwoteer en die prestasie van globale bateklasse word in Amerikaanse dollars aangehaal.*



Besturende Lid/Managing Member: F.C. Nel National Certificate: Financial Markets & Instruments-Wealth Management Specialization

A.L. de Kock B Com (Rek) UP

Frik Nel
082 890 1950
frik@codweb.co.za

Alex de Kock
082 440 4508
Lbk@codweb.co.za